


**Ysbreker**
As jy enige plek in die wêreld op safari of 'n road trip kon gaan, waarheen sou jy gaan? Hoekom?

**Lees Matteus 9:9-13**
Lees die gedeelte stadig deur.
Laat iemand dit 'n tweede keer lees en vra die groep om hierdie keer net op Jesus te fokus.

- Wat staan vir jou die meeste uit in hierdie ontmoeting tussen Jesus en Matteus?
- Wat leer hierdie gedeelte oor Jesus se karakter? (Dink aan hoe Hy mense sien, roep en behandel.)
- Waarom dink julle kies Jesus juis iemand soos Matteus?
- Die Fariseërs sien 'n sondaar. Jesus sien 'n dissipel. Waar sien jy hierdie verskil in die verhaal?

Ons het Sondag daaroor gesels dat ons die Bybel dikwels soos 'n GPS lees:
*"Gee net vir my die antwoord -mentaliteit“*

Maar Matteus nooi ons eerder op 'n safari:
"Kom kyk saam na Jesus."

**Bespreek:**
- Wanneer lees jy die Bybel meestal...

    - om vinnig antwoorde te kry?
    - om God beter te leer ken?
- Wat is die verskil?

**2 Petrus 1:16-19**

*“16Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien. 17Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.” 18Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was.”*

Petrus sê *“ons het SELF gesien”*
Ons geloof begin nie met 'n filosofie nie, maar met ooggetuies wat vertel wat hulle beleef het.

**Bespreek:**
- Waarom dink jy is dit belangrik dat die Evangelies deur mense geskryf is wat Jesus persoonlik geken of noukeurig ondersoek ingestel het?
- Hoe beïnvloed dit jou vertroue in die Evangelies?

**’n Persoonlike uitdaging of toepassing**
Vir die volgende paar weke wil ons almal probeer om Matteus anders te lees. Ons daag selgroepe uit om ook in hul eie persoonlike bybelstudie deur Matteus te lees.
Elke keer wat jy 'n gedeelte lees, vra hierdie drie vrae:
1. Wat het Matteus raakgesien?
2. Wat wys hierdie gedeelte vir my oor Jesus?
3. Glo ek dit... en hoe verander dit my?

Lees Matteus 1-3 voor volgende Sondag.
Moenie bekommerd wees as jy nie alles verstaan nie.
- Lees stadig.
- Merk enige iets wat jou verras.
- Skryf een ding neer wat jy nuut oor Jesus ontdek.

- **Afsluiting**

Gee geleentheid vir enige vrae of verdere bespreking.